# Les 8: Die krag van Jesus se Opstanding

## A. Die essensiële waarheid van Christus se opstanding

1. 1 Korinthiërs 15:1-4 Watter essensiële waarheid het Paulus beklemtoon aangaande die dood van Jesus vir ons sondes? (sien ook Romeine 1:1-4)
2. Watter bewyse het Paulus verskaf vir die opstanding van Jesus uit die dood? 1 Korinthiërs 15:5-8
3. Waarom is daar sommige verskille in die verslae van die Evangelieskrywers aangaande die opstanding van Jesus uit die dood?
4. Watter getuienis het Jesus gegee aangaande Sy opstanding uit die dood? Lukas 24:44-46
5. Watter getuienis het Petrus op Pinksterdag gegee aangaande die opstanding van Jesus uit die dood? Handelinge 2:22-24

## B. Die belangrikheid van die opstanding van Jesus

1. 1 Korinthiërs 15:12-19 Waarom is die opstanding van Jesus uit die dood belangrik vir die Christen?
2. Watter openbaring het Petrus aan Cornelius gegee aangaande die opstanding van Jesus? Handelinge 10:36-40
3. 1 Korinthiërs 15:20-23 Wat is die betekenis van die opstanding van Jesus as “die eersteling” en wat is die tydsberekening van die algemene opstanding?
4. Waar kan ons bykomende geïnspireerde inligting vin door die opstanding van “die dooies in Christus” met Sy wederkoms in heerlikheid? 1 Thessalonicense 4:13-17
5. Watter versekering het Jesus aan Marta gegee aangaande die opstanding uit die dood en hoe het Marta daarop gereageer? Johannes 11:23-27

## C. Ons opgewekte liggame

1. 1 Korinthiërs 15:35-43 Hoe sal ons opgewekte liggame verskil van ons huidige liggame?
2. Filippense 3:20-21 Hoe was die “glorieryke liggaam” van Jesus na Sy opstanding? (Lukas 24:36-43, Johannes 20:27, ens.)
3. Wat is jou gedagtes daaroor om ‘n verheerlikte liggaam te hê sonder siekte of beperkings?

## D. Die gawe van onsterflikheid

1. Wanneer ontvang die verlostes die gawe van onsterflikheid? 1 Korinthiërs 15:51-57
2. In die lig van ons glorieryke bestemming, watter beroep het Paulus op Timótheüs gemaak?

   1 Timótheüs 6:11-16

## E. Twee opstandings

1. Jesus het onderrig dat daar twee opstandings uit die dood sal wees. Johannes 5:28-29
2. Wat gebeur met diegene wat opgewek word in die opstanding van veroordeling? Openbaring 20:4-9
3. Hoe kan ons die tragiese einde vermy van diegene wat opgewek word in die opstanding van veroordeling? Johannes 3:16, 2 Petrus 3:9, Romeine 10:13, ens.